

BRONNEVERKENNING VAN DIE STREEK OOS-VRYSTAATSE GRENSGORDEL (1)

C. C. Eloff

Vir 'n getroue en sinvolle rekonstruksie van die verlede is voldoende gegewens nodig aangesien gebrekkige inligting tot 'n oppervlakkige en skewe voorstelling daarvan kan lei. Voordat die geskiedenis van 'n bepaalde dorp of streek nagevors word, is dit dus belangrik om ondersoek in te stel na die beskikbaarheid van bronne wat daarop betrekking het.

Die doel van hierdie bronneverkenning is dan in die eerste plek om die veeleisende taak van die navorser te vergemaklik. Verder is dit 'n belangrike voorstudie tot 'n omvattende sosio-ekonomiese geskiedenis wat vir die Oos-Vrystaatse Grensgordel in die vooruitsig gestel word. Die publikasie van die bronneverkenning skep die geleentheid om kommentaar daarop te lewer en aanvulling te doen wat die navorsing oor hierdie streek ten goede kan kom. Ten slotte kan dit moontlik dien as gids of model vir soortgelyke bronneverkenninge wat nog ten opsigte van ander streke onderneem moet word.

Volgens 'n voorlopige streekindeling van die RSA deur die Afdeling Streekskiedenis bestaan die streek Oos-Vrystaatse Grensgordel uit die huidige landdrostrikte Clocolan, Ficksburg, Ladybrand, Rouxville, Smithfield, Wepener en Zastron. Met hierdie bronneverkenning is gepoog om 'n oorsig te kry van die gepubliseerde, ongepubliseerde, amptelike en nie-amptelike bronne wat op hierdie streek betrekking het.

Die vindplek van ongepubliseerde bronne word aangedui en daar word onderskei tussen besondere bronne, dit wil sê bronne wat op spesifieke dorpe en/of distrikte van toepassing is, en bronne wat 'n meer algemene strekking het.

Om gegewens omtrent argivale materiaal te bekom, is navorsing in die Vrystaatse Argiefbewaarpark en die Nederduitse Gereformeerde Kerkargief in Bloemfontein gedoen. Besoek is ook gebring aan munisipale kantore, kerkkantore en skole binne die streek om vas te stel watter rekords beskikbaar is en of dit vir navorsers toeganklik is.

Benewens argiefverkenning is die bronnelys saamgestel uit gepubliseerde werke oor die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat in die algemeen en dié van die Oos-Vrystaatse Grensgordel in die besonder. Dit sluit sekondêre werke in, onder meer reisbeskrywings, biografieë, herinneringe, amptelike en periodieke publikasies, verhandelinge, proefskrifte, plaaslike geskiednisse en artikels in koerante en tydskrifte. Hoewel daar geensins op volledigheid aanspraak gemaak word nie en die bronnelys van tyd tot tyd aangevul sal moet word, gee hierdie lys tog 'n goeie beeld van die beskikbaarheid van bronne. Die nut van die streekbronnelys sal duidelik word namate navorsers daarvan gebruik begin maak.

Omdat die geskiedenis van vroeë ontwikkeling van dorpe in die Oos-Vrystaatse Grensgordel ten nouste met die geskiedenis van die eertydse Basoetoland verweef is, is heelwat werke wat op die buurstaat betrekking het in die bronnelys opgeneem. Algemene werke oor die Oranje-Vrystaat is insgelyks opgeneem aangesien dit die agtergrond verskaf om die ontstaan en groei van dorpe en distrikte in die Oos-Vrystaatse Grensgordel beter te begryp.

Terwyl die bronnelys hoofsaaklik argiefgroepe in die Vrystaatse Argiefbewaarpark gedurende die 19de eeu (*circa* 1846–1899) insluit, is ander dokumenteversamelings, soos dié in die N.G. Kerkargief of in argiewe van munisipaliteite, kerke en skole, nie aan 'n bepaalde periode gekoppel nie. Dit is veral gedoen vanweë die geweldige omvang van bronne ná 1900 wat in die Vrystaatse Argiefbewaarpark bewaar word en nog nie ten volle ontsluit is nie. 'n Aanvullende bronnelys word in die vooruitsig gestel waarin onder meer 'n uiteensetting van hierdie dokumente gegee sal word.

Hierdie bronneverkenning het aan die lig gebring dat talle dokumente, veral dié wat op plaaslike besture, onderwys en godsdiens betrekking het, ontbreek omdat dit as gevolg van verwaarloosing, swak administrasie en gebrek aan 'n bewaringsbewussyn verlore gegaan het of deur brand, oorstromings en ander natuurrampe vernietig is. Groot gedeeltes van 'n dokument of reeks dokumente is soms ook beskadig of vernietig. Die toestand van baie van die dokumente wat deur plaaslike instansies bewaar word, is dikwels van so 'n aard dat die navorser slegs met groot moeite die inhoud kan ontsyfer. Hierdie leemte moet noodwendig meebring dat daar in sommige gevalle nie 'n volledige beeld van die verlede herskep kan word nie.

ARGIVALE BRONNE

Argivale bronne is so wyd verspreid dat daar vir die doel van hierdie bronneverkenning hoofsaaklik gekonsentreer is op die stukke van die staat, die plaaslike owerhede en die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die VRYSTAATSE ARGIEFBWAARPLEK in Bloemfont-

tein huisves die staatstukke van die Oranjerivier-Soewereiniteit, die Oranje-Vrystaat en stukke van plaaslike besture.

Kennis van die politieke en administratiewe bedeling in die pioniersjare van die Oranje-Vrystaat sal die bestudering en vertolking van ouer argiefstukke vergemaklik. So byvoorbeeld was Ladybrand, Ficksburg, Clocolan en Hobhouse eers deel van die distrik Winburg. In 1871 is Ladybrand egter tot 'n onafhanklike distrik verklaar en Ficksburg, Clocolan en Hobhouse het onder sy jurisdiksie geval totdat Ficksburg in 1891 self 'n landdrostrik geword het. Alle argiefstukke wat voor 1871 op die distrik Winburg betrekking het, moet dus ook vir Ladybrand, Ficksburg, Clocolan en Hobhouse geraadpleeg word. Stukke ná 1871 met betrekking tot die distrik Ladybrand is ook van toepassing of Ficksburg (tot 1891), Clocolan en Hobhouse.

Die Caledonrivierdistrik (Smithfield) het aanvanklik ook die huidige landdrostrikte Rouxville, Wepener en Zastron ingesluit. Toe Rouxville in 1871 'n onafhanklike distrik word, het Wepener en Zastron ook deel daarvan uitgemaak. Eers in 1884 is Wepener tot distrik verklaar wat Vanstadensrus ingesluit het. Dit is derhalwe belangrik om daarop te let dat dokumente wat in die volgende argiefgroepe op die oorspronklike landdrostrik betrekking het, ook van belang is vir die geskiedenis van dorpe wat oorspronklik by hom ingedeel was maar later afsonderlike distriksetels geword het.

Besondere argivale bronne (ongepubliseerd)

Die argief van die *Oranjerivier-Soewereiniteit* is 'n komplekse argiefgroep wat bestaan uit die argiewe van onder andere die Britse resident, die Hoë Kommissaris, die Assistent-Kommissaris en die Spesiale Kommissaris. Dit sluit die volgende in:

Inkomende briewe uit die distrik Caledonrivier (Smithfield) aan die:

Britse Resident, 1847–1853: B.R. 1/3
Hoë Kommissaris, 1848–1852: H.C. 1/3
Assistent-Kommissaris, 1851–1852: A.C. 1/3
Spesiale Kommissaris, 1853–1854: S.C. 1/3
Inkomende briewe uit die distrik Winburg aan die:
Britse Resident, 1849–1853: B.R. 1/4
Hoë Kommissaris, 1848–1852: H.C. 1/5
Assistent-Kommissaris, 1851–1852: A.C. 1/5
Spesiale Kommissaris, 1853: S.C. 1/4

In die argief van die *Goewermentsekretaris* is hoofsaaklik inkomende en uitgaande korrespondensie opgesluit rakende die vroeë ontwikkeling en geskiedenis van bestaande landdrostrikte in die Oranje-Vrystaat (1854–1902). Hierin is vervat:

Inkomende stukke van die volgende distrikte:
Caledonrivier, 1854–1897: G.S. 276–337
Winburg, 1854–1897: G.S. 961–1060
Ladybrand, 1871–1897: G.S. 761–816
Rouxville, 1871–1897: G.S. 869–925
Wepener, 1884–1896: G.S. 942–960
Ficksburg, 1891–1897: G.S. 457–469
Uitgaande stukke aan die distrikte:
Caledonrivier, 1859–1889: G.S. 1609–1611
Winburg, 1859–1889: G.S. 1615–1617
Ladybrand, 1877–1889: G.S. 1602–1604
Rouxville, 1871–1889: G.S. 1602, 1607–1608
Wepener, 1884–1889: G.S. 1614

In hierdie argiefgroep kom ook rapporte en verslae voor oor grenswagte, okkupasie van die Verowerde Gebied, aanleë van veral die drie militêre dorpe Ladybrand, Wepener en Ficksburg, aansoeke vir erwe in dié dorpe, grondbrieweregisters en veldkornetverslae, 1858–1872: G.S. 1342–1380.

Die *Staatsprokureur se* argief bevat hoofsaaklik korrespondensie en inligting oor kriminele sake van die distrikte:

Smithfield, 1856–1890: S.P. 186–187, 189, 196, 199–200, 210, 213, 216, 219, 222–223, 241, 247, 250, 256, 259, 270
Wepener, 1884–1895: S.P. 273
Ladybrand, 1871–1895: S.P. 252, 258, 269, 276
Ficksburg, 1889–1894: S.P. 275

Die argief van die *Tesourier-Generaal* sluit state en verslae in van die volgende distrikte:

Caledonrivier, 1854—1900: T.G. 1454—1594
Ladybrand, 1872—1900: T.G. 2716—2859
Rouxville, 1871—1900: T.G. 3087—3227
Wepener, 1884—1900: T.G. 3308—3382
Ficksburg, 1891—1900: T.G. 1809—1837

In die argief van die *Ouditeur-Generaal* word inkomende briewe aangetref van die distrikte:

Caledonrivier, 1871—1880: O.G. 17, 33, 47, 58, 71, 85
Ladybrand, 1874—1880: O.G. 21—22, 35, 39, 44, 55, 68, 82
Rouxville, 1874—1880: O.G. 18, 23, 36, 39, 46, 57, 70, 84

Die argief van *plaaslike besture* (kumulatiewe rekordfolio's) huisves dokumente van uiteenlopende aard oor die werksaamhede en ontwikkeling van munisipale en dorpsbesture. Die volgende dorpe se rekords is reeds na die Argief oorgeplaas en aangewins:

Clocolan — dorpsbestuur sedert 1906; munisipale status 1910

(Aanwinnommer 12/4/2 CLO: Bandnommers 1—38)
Notule van munisipale vergaderings, 1910—1953
Grootboeke, 1910—1951
Joernale, 1915—1953
Erfbelastingregisters en dorpsregulasies, 1945—1948

Ficksburg — dorpsbestuur sedert 1872: munisipale status 1905

(Aanwinnommer 12/4/2 FIC: Bandnommers 1—88)
Notule van munisipale vergaderings, komiteeverslae en registers, 1909—1938. Geen notule van die dorpsbestuurvergaderings 1872—1902 het behoue gebly nie.
Grootboeke, 1910—1937
Uitgawe kasboeke, 1921—1944
Waardasierolle, 1913—1945
Belastingregisters, 1913—1945

Hobhouse — dorpsbestuur 1912; munisipale status 1913

(Aanwinnommer 12/4/2 HOB: Bandnommers 1—9)
Notule van dorpsbestuur- en munisipale vergaderings, 1912—1927
Grootboeke, 1917—1945
Erfbelastingregisters, 1917—1945

Ladybrand — dorpsbestuur 1871; munisipale status 1904

(Aanwinnommer 12/4/2 LAD: Bandnommers 1—82)
Kasboeke, ca. 1911—1939
Registers: erfbelasting, sanitasie, water en ligte, ca. 1899—1935
Grootboeke, 1897—1909; 1918—1927

Rouxville — dorpsbestuur sedert 1865; munisipale status 1893

(Aanwinnommer 12/4/2 ROU: Bandnommers 1—18)
Notule van munisipale vergaderings met komiteeverslae, 1907—1960
Alle notule van die verrigtinge van die verskillende liggame wat die dorp voor November 1907 bestuur het, het spoorloos verdwyn.
Hoofkasboeke, 1935—1955
Hoofgrootboeke, 1917—1928
Waardasierolle, 1909—1925
Finansiële state, 1919—1945

Smithfield — dorpsbestuur 1860; munisipale bestuur sedert 1948

(Aanwinnommer 12/4/2 SMI: Bandnommers 1—11)
Notule van dorpsbestuurvergaderings, 1860—1875; 1884—1901; 1916—1937
Hoofgrootboeke, 1916—1924
Belastingregisters, 1912—1915; 1920—1927; 1934—1937
Ooreenkomste, 1911—1936
Regulasies en wysiginge van dorpsbestuur, 1921—1936
Jaarverslae, 1923—1936
Statistiese opgawes van dorp en distrik, 1925—1937

Vanstadensrus — dorpsbestuur sedert 1925

(Aanwinnommer 12/4/2 VAN: Bandnommers 1—9)
Notule van dorpsbestuurvergaderings, 1925—1956
Erfbelastingregisters en -korrespondensie, 1934—1967
Plaaslike statistiek, 1950
Begrotings, ouditeursverslae en finansiële state, 1925—1940
Servituut, Van Stadensrusdam, 1925—1941

Wepener — dorpsbestuur in ca. 1869; munisipale status 1875

(Aanwinnommer 12/4/2 WEP: Bandnommers 1—17)
Notule van munisipale vergaderings, 1902—1965. Alle dokumente rakende die plaaslike bestuur tussen 1869 en 1902 is gedurende die Tweede Vryheidsoorlog vernietig.
Notule van die N.G. Kerkraad, 1870—1890. Hierdie stukke hoort eintlik tuis in die N.G. Kerkargief, Bloemfontein, waar die notule ná 1950 ook bewaar word.

Zastron — dorpsbestuur 1881; munisipale status sedert 1903

(Aanwinnommer 12/4/2 ZAS: Bandnommers 1—15)
Notule van munisipale vergaderings, 1903—1938
Notule van komiteevergaderings, 1925—1937
Erfbelastingregisters, 1913—1915
Grootboeke, 1916—1934
Waardasierregisters, 1922—1937

In die *kaarte-, planne- en fotoversameling* word die volgende aangetref:

Clocolan

Kaart van stasie en omgewing, ca. 1950: 1/401

Ficksburg

Kaart van distrik, 1911: 2/550; Ficksburg (met inlas, drie driewwe), 1911: 2/715; dorpsgronde ca. 1893: 1/342; Betsy's Dal en gedeelte van dorpsgronde, 1899: 1/220
Sketskaart van Ficksburg en omgewing, 1924: 2/607; ligging van dorpsgronde, ca. 1892: 1/347
Plan van grond waarop Anna-Maria Mill gebou is, 1899: 1/219; skoolgebou, s.j.: 2/345; pos- en telegraafgeboue, 1903: 2/486; voorgestelde distrik Ficksburg, 1891: 2/651; geproklameerde paaië, distrik Ficksburg, s.j.: 3/110; dorp, ca. 1867: 3/44; dorpsgebied, gewysig, 1905/1957: 4/7
Foto van koppe en bosse digby Ficksburg: 3079; N.G.-kerk: 3082; Ficksburg, 1903: 8079

Hobhouse

'n Kaart van die dorpsgebied en aangrensende plase (1927) en foto's van die eerste poskantoor(tjie) (1932) en sendingkerk (1938) moet nog aangewins en geklassifiseer word.

Ladybrand

Kaart van distrik, 1890, ca. 1892, ca. 1893, 1913 en 1925: 2/361, 1/362, 1/363, 2/556 en 2/625; distrik en Wes-Basoetoland, 1902: 2/127; distrik (met inlas, twee driewwe), 1913: 2/721
Plan van dorp en dorpsgrond, 1868 en 1875: 2/195 en 1/361; dorp en meent, ca. 1877: 1/359; geproklameerde paaië, o.m. in distrik, s.j.: 3/110
Roeteplan Ladybrand-Thaba Nchu-Bloemfontein, s.j.: 2/311
Plan en sketsplan van die kruithuis, 1898: 1/208
Foto(s) van natuurtoneel (Die Slinks): 2018, 3077 en 8035; Leliehoek: 2016, 2023, 3075, 3081 en 8004; Piekniekrots: 1964, 2017, 3022 en 3076; algemene gesig, Ladybrand: 852, 1979 en 3038; natuurtoneel: 2014 en 2015; Ladybrand Citizen force: 187; offisiere van Ladybrand-kommando (o.a. kmdte. Ferreira en Van Rooyen): 2623; monument vir gesneuweldes gedurende die Tweede Vryheidsoorlog: 1976

Rouxville

Kaart van distrik, 1900 en 1925: 2/134 en 2/590; distrik Rouxville, insluitende Zastron, 1902, en Smithfield, 1911: 2/135 en 2/136
Sketskaart van 'n gedeelte van die plaas Zwarte Bras, ca. 1873: 1/358
Plan(ne) van nuwe skool, 1910: 2/480; tronkgebou, s.j.: 2/488; skoolgebou, 1897: 2/645; gronduideg vir Aliwal-Noord/Rouxville-uitspanning, 1874—1875: 1/229
Foto van Government Ward School, Vaalbank, 1905: 3697 I; president Brand se besoek aan Rouxville, 1866 of 1883: 398
markgebou, 1898: 9636; genl. J.H. Olivier en kommando onderweg na Aliwal-Noord, 1899: 9637; Spoorwegstasie, ca. 1930: 9638; lokasie, ca. 1930: 9639; stadsraad, ca. 1937: 9640

Smithfield

Kaart van distrik (insluitende Rouxville), 1901: 2/142; Caledonriviergebied, 1849: 2/213
Sketskaart van grenslyn tussen Caledonrivier- en Bloemfontein-distrik, 1856: 1/308
Plan van gevangenis met buitegeboue, 1863: 1/307; plase Zwakfontein, Caledondraai en Inhoek, 1898: 1/227; perseel waarop markgebou opgerig is, 1875: 1/121; erf no. 6, Bachelorstraat, 1883: 1/122; droë-erwe 11 en 12, 1885: 1/123; grond geskenk vir barakke vir S.A. Constabulary, ca. 1903: 2/124; dorp: 3/55; dorpsgebied: 4/3
Sketsplan van Spioenkop, 1881: 1/310
Planne en tabelle van blokke A—G en strate in Smithfield: 2/214—2/217

Wepener

Kaart van distrik, 1910, 1915 en 1924: 2/149, 2/571 en 2/618; distrikte Ladybrand en Wepener, insluitende die grootste gedeelte van Wes-Basoetoland, 1902: 2/127
Plan van dorp, 1867, 1870, ca. 1909 en 1911/1958: 2/218, 1/309, 3/58—3/59 en 4/2; droë-erwe, 1867—1875 en 1875: 3/57 en 2/219; brug oor Jammerbergspruit, 1897: 2/261

N.G. kerkgebou, Ladybrand, deur Engelse soldate en Swart handlangers ingeneem gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899—1902).

FOTO: Transvaalse Argiefbewaarpark, Pretoria.



Plaasplan van spoorlyn tussen Wepener en Bloemfontein; 1892: 2/505

Skets van voorgestelde hoofweë, insluitende Wepener, 1894: 1/311

Zastron

Kaart van distrik, 1902 en 1910: 2/153 en 2/154; Zastron, 1915: 2/529 en Zastron insluitende grootste gedeelte van wyk Vechtkop en Kaapkolonie, 1909: 2/737

Foto van Aasvoëlkop en -dam, s.j.: 312; Ralphstraat, Zastron, 1942: 6020—6024

Algemene, ongepubliseerde argivale bronne wat nie uitsluitlik op die streek onder bespreking betrekking het nie maar nogtans met vrug geraadpleeg kan word, sluit die volgende argiefgroepe in:

Die argief van die *Oranjerivier-Soewereiniteit* wat o.m. uitgaande korrespondensie bevat van die Britse Resident (1847—1854: B.R. 2/1—2/3), die Hoë Kommissaris (1848—1854: H.C. 2/1) en Spesiale Kommissaris (1853—1855: S.C. 2/1).

In die *Goewermentsekretaris* se argief is die volgende stukke van belang:

Korrespondensie met amptenare, 1854—1897: G.S. 1525—1576
Inkomende en uitgaande telegramme, 1877—1900: G.S. 1435—1508

Uitgaande briewe van die Staatspresident, 1854—1899: G.S. 1509—1524

Uitgaande briewe van die Goewermentsekretaris aan landdroste, 1890—1897: G.S. 1618—1622. (Vir uitgaande briewe ná 1897 kyk G.S. 1662—1868, folios 1—1660).

Die argief van die *Sekretaris van die Volksraad* bevat notule, kladnotule en bylae tot die notule van die Volksraad vir die tydperk 1853—1899: V.R. 17—442.

Die argief van die *Uitvoerende Raad* sluit o.m. in notule van hierdie liggaam asook verslae van die Hof van Appel, 1855—1900: U.R. 1—17.

In die *Staatspresident* se argief word inkomende en uitgaande briewe (1854—1899: P. 1—17) en telegramme (1877—1899: P. 18—32) aangetref.

Die argief van die *Staatsprokureur* sluit o.m. in inkomende stukke (1856—1900: S.P. 1—125) en uitgaande briewe en telegramme (1856—1900: S.P. 130—169), terwyl die argief van die *Ouditeur-Generaal* hoofsaaklik algemene korrespondensie (inkomende en uitgaande briewe) bevat vir die tydperk 1869—1900: O.G. 87—314.

Gepubliseerde argivale bronne van algemene aard wat indirek op die dorpe en distrikte in die Oos-Vrystaatse Grensgordel van toepassing is, sluit veral die volgende in:

JOUBERT, D.C. *Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat*

(*volledig met alle bylae daarby*) III, 1858 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Vrystaat no. III). Parow, 1960.

VAN DER SCHYFF, P.F. *Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby) IV, 1859* (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Vrystaat no. IV). Kaapstad, 1965.

VAN DER VYVER, W.B. EN J.H. BREYTENBACH. *Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby) I, 1854—1855* (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Vrystaat no. I). Parow 1952.

VAN DER VYVER, W.B. EN J.H. BREYTENBACH. *Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby) II, 1856—1857* (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Vrystaat no. II). Parow, 1953.

In die N.G. KERKARGIEF, Bloemfontein, word duplikate of afskrifte bewaar van doop- en lidmaatregisters in die Oranje-Vrystaat sedert 1867.

Kragtens die huwelikswet (no. 50 van 1970) wat op 1 Februarie 1972 in werking getree het, besit kerke nie meer die oorspronklike huweliksregister nie. Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1974 'n beroep op alle kerkrade gedoen om hul oorspronklike huweliksregisters tot op 31 Januarie 1972 by die betrokke sinodale kerkargief in te handig. Die vroeëre notule van kerkraadvergaderings van sommige gemeentes is ook na hierdie argief oorgeplaas, hoewel die meeste kerkrade verkies om dokumente van hierdie aard in hulle eie besit te hou.

Stukke wat reeds in die Kerkargief bewaar word, is die volgende:

Clocolan — gestig 1907

Duplikate van doop- en lidmaatregisters sedert 1907 en huweliksregisters, 1907—1972.

Ficksburg — gestig 1869

Duplikate van doop- en lidmaatregisters sedert 1869.

Hobhouse — gestig 1913

Duplikate van doop- en lidmaatregisters sedert 1913.

Ladybrand — gestig 1870

Notule van kerkraadvergaderings (met komiteeverslae), 1880—1961. Die notuleboeke vanaf 1870 is deur 'n brand verwoes. Duplikate van doop- en lidmaatregisters sedert 1871 en huweliksregisters, ca. 1872—1972.

Rouxville — gestig 1870

Duplikate van doop- en lidmaatregisters vanaf 1870.

Smithfield — gestig 1848

Notule van kerkraadvergaderings, 1853—1927

Afskrifte van doop- en lidmaatregisters sedert 1849 en van huweliksregisters, 1850—1972

Vanstadensrus — gestig 1939

Notule van kerkraadvergaderings, 1939—1957

Duplikate van doop- en lidmaatregisters sedert 1939

Finansiële stukke (kasboeke, ens.), 1939—1954.

Wepener — gestig 1869

Notule van kerkraadvergaderings (met komiteeverslae), 1950—1972. Die notule van 1870—1950 is na die Vrystaatse Argiefbewaarpark in Bloemfontein oorgeplaas.

Afskrifte van doop- en lidmaatregisters sedert 1870 en van huweliksregisters, 1870—1972.

Zastron — gestig 1894

Duplikate van doop- en lidmaatregisters vanaf 1893.
In die plaaslike ARGIEWE VAN DIE GEMEENTES VAN DIE N.G. KERK berus die volgende stukke:

Clocolan

Notule van kerkraadvergaderings asook doop- en lidmaatregisters sedert 1907.

Ficksburg

Notule van kerkraadvergaderings (met komiteeverslae) vanaf 1871
Doop- en lidmaatregisters sedert 1869; huweliksregisters, 1870—1972.

Die Union Jack word gehys voor die magistraathantoor op Ficksburg, 28.5.1900.

FOTO: *Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.*



Hobhouse

Notule van kerkraadvergaderings sedert 1913
Notule van boukommissievergaderings, 1927—1948 en sedert 1951 volledig
Notule van vergaderings van Emily Hobhouse Hostelkommissie, 1943—1972
Doop- en lidmaatregisters vanaf 1913.

Ladybrand

Notule van kerkraadvergaderings (met komiteeverslae) vanaf 1961
Doop- en lidmaatregisters vanaf 1871
Alle dokumente van die Ladybrand-Noordgemeente sedert afstigting van die Moedergemeente in 1952, word in die konsistorie van eersgenoemde gemeente bewaar.

Rouxville

Notule van kerkraadvergaderings sedert 1871
Doop- en lidmaatregisters sedert 1870
Huweliksregisters sedert 1870
Kasboeke sedert 1872. Die kasboek vir 1899—1900 het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog verdwyn. Die huweliksregisters vir die jare 1897—1899 is ook gedeeltelik vernietig.

Smithfield

Notule van kerkraadvergaderings vanaf 1927
Notule van gemeentevergaderings, 1940—1959
Finansiële stukke (kasboeke, grootboeke), 1862—1914
Doop- en lidmaatregisters sedert 1849.

Vanstadensrus

Notule van kerkraadvergaderings sedert 1957
Finansiële stukke sedert 1965
Doop- en lidmaatregisters sedert 1939.

Wepener

Notule van kerkraadvergaderings sedert 1973
Doop- en lidmaatregisters sedert 1870

Huweliksregisters, 1870—1972

Finansiële stukke (grootboeke, kasboeke), 1874—1973.

Zastron

Notule van kerkraadvergaderings sedert 1917
Notule van boukommissievergaderings sedert 1960
Notule van eiendomskommissievergaderings sedert 1959
Notule van dagbestuurvergaderings vanaf 1946
Doop- en lidmaatregisters sedert 1893
Huweliksregisters, 1894—1971
Finansiële stukke (grootboeke, kasboeke) volledig sedert 1894.
Die MUNISIPALE ARGIEWE van die onderskeie plaaslike besture huisves die volgende stukke:

Clocolan

Alle dokumente sedert 1951 is volledig en in 'n goeie toestand.

Ficksburg

Rekords van munisipale vergaderings, publieke werke, bestuurskomitees, behuising, sanitasie, mark, skut en algemene administrasie sedert 1940 is volledig en word by plaaslike munisipale kantore bewaar.

Hobhouse

Notuleboeke van munisipale vergaderings vanaf 1927
Uitgawe kasboeke vanaf 1953
Uitgawe grootboeke sedert 1940
Erfbelastingregisters, 1918—1933 en volledig sedert 1946
Ouditeursverslae sedert 1942
Registers (o.m. salarisse, sanitasie, water) sedert 1950.

Ladybrand

Notule van dorpsbestuurvergaderings 1890—1892. Die vroegste notule (1871—1889 en 1893—1903) is tydens die Tweede Vryheidsoorlog vernietig.
Notule van munisipale vergaderings sedert 1904
Finansiële stukke sedert ongeveer 1938
Erfbelastingregisters (sanitasie, water en ligte) sedert 1936.

Rouxville

Notule van munisipale vergaderings (met komiteeverslae) vanaf 1961
Alle ander rekords soos finansiële stukke, waardasierolle en registers sedert 1955 is volledig en word by die plaaslike munisipale kantore bewaar.

Smithfield

Alle dokumente sedert 1937 word by die plaaslike munisipale kantore bewaar en is volledig.

Vanstadensrus

Notule van dorpsbestuurvergaderings sedert 1957
Finansiële stukke (ouditeursverslae, begrotings) volledig sedert 1941
Erfbelastingregisters vanaf 1967.

Wepener

Notule van munisipale vergaderings sedert 1966
Finansiële stukke (kasboeke, joernale) sedert 1947
Publieke werke en algemene administrasie sedert 1955.

Zastron

Notule van munisipale vergaderings sedert 1939
Grootboeke sedert 1936
Waardasierregisters sedert 1938.

REKORDS VAN PLAASLIKE SKOLE

In opdrag van die Departement van Onderwys in die Oranje-Vrystaat is alle skole in dié provinsie tans besig om dokumente en belangrike stukke m.b.t. die ontstaan en ontwikkeling van skole byeen te bring. Hierdie dokumente sal nog in die loop van 1976 na die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein oorgeplaas word. Die Direkteur van hierdie Museum, prof. P.J. Nienaber, het onderneem om hierdie dokumente-versameling te orden, aan te wins en te katalogiseer ten einde dit vir navorsers toeganklik te maak.

Die stukke wat oorgeplaas sal word, sluit onder meer die volgende in: Notule van personeel-, skoolkommissie- en debatsvereniging-vergaderings; skooldagboeke (logboeke); toelatingsregisters; inventarisse; inspekteursrapporte en jaarblaaie.

SEKONDÊRE BRONNE

'n Lys van sekondêre bronne sal in 'n tweede deel gepubliseer word.